

# 11

## PINKSTER

# Vol van die Heilige Gees

### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet die Heilige Gees se koms na die wêreld word met Pinkster herdenk.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- Pinkster word as 'n kerklike feesdag gevier.
- die Heilige Gees is God wat by ons is.
- die Heilige Gees laat ons glo.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet dankbaar wees dat die Heilige Gees in ons werk.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- Pinksterliedere leer sing.
- bid dat die Heilige Gees in die Kerk sal werk.
- mekaar 'n geseënde Pinkster toewens.

#### **MEER INLIGTING (Handelinge 2 en 11: 19-30)**

Ons het al vroeër in die jaar geleer dat Jesus sy kerk uitstuur om die evangelie aan alle volke en nasies te gaan verkondig. Die volgelinge van Jesus het hierdie opdrag in baie moeilike omstandighede gedoen. Ons lees hier in Handelinge dat hulle vervolgd was en dat van hulle selfs doodgemaak is omdat hulle in Jesus geglo het. Tog lees ons dat hulle aangehou het om Jesus se boodskap te verkondig. Ons lees ook dat baie mense in hierdie moeilike omstandighede tot geloof gekom het.

Ons kan seker wonder hoe hulle dit reggekry het. Ons lees dat die Heilige Gees wat op pinkster uitgestort is, hulle gelei het om met hierdie groot taak aan te gaan. Ons lees in Handelinge 54

11: 19-30 van Barnabas dat hy 'n goeie man was, vol van die Heilige Gees en met 'n vaste geloof. Gelei deur die Heilige Gees, het hy en die ander volgelinge van Jesus aangehou om die boodskap van Jesus te verkondig. Die Heilige Gees het ook in die harte van die mense wat die boodskap gehoor het, gewerk sodat hulle ook geglo het.

Deur die werking van die Heilige Gees het die kerk van Jesus oor die hele aarde versprei. Dit is vir ons as gelowiges ook belangrik om vir die Here te vra dat Hy ons deur sy Gees sal lei in ons gemeente. Ons moet vandag nog die boodskap van Jesus aan die wêreld verkondig. Ons kan dit alleen doen as ons deur die Heilige Gees gelei word.

Die kerk herdenk elke jaar met Pinkster die uitstorting van die Heilige Gees en vra dat die Gees ons ook sal lei.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Wit A4-papier – een vel vir elke kind.
- 'n Reghoekige stuk karton – vir elke kind een.
- 'n Skêr.
- Gom.
- Kleurpotlode kan ook gebruik word.
- Kontakplastiek of gewone plastiek.

## **KOM ONS BEGIN**

Bid dat die Heilige Gees ook in julle gemeente sal werk. Sluit dan jou gebed af met dié woorde van Gesang 543: 1.

*Here Jesus, ek is klein,  
maak U self my lewe rein.  
Laat ek altyd van U leer;  
laat ek grootword tot u eer. Amen.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

In Johannes 14: 16 en 17 staan daar: *Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid.*

'n Ander woord vir Voorspraak is Trooster. Wie is die Trooster waarvan hier gepraat word? Wat beteken die woordjie *troos*? Het iemand jou al ooit getroos? Ja, natuurlik. As ons seerkry, is dit lekker as iemand ons troos. 'n Trooster is iemand wat ons bemoedig en ons verseker dat dinge weer beter sal gaan.

## IETS INTERESSANT

- Maak 'n opsomming van die gegewens by MEER INLIGTING en hou dit aan die kinders voor.
- Laat kinders uit elke graad een versie van Handeling 2: 1-13 hardop lees.

*Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. <sup>2</sup>Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. <sup>3</sup>Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. <sup>4</sup>Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.*

*<sup>5</sup>Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. <sup>6</sup>Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. <sup>7</sup>Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. <sup>8</sup>Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? <sup>9</sup>Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, <sup>10</sup>Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, <sup>11</sup>Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het."*

*<sup>12</sup>Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?"*

*<sup>13</sup>Maar party het gespot en gesê: "Hulle is dronk."*

## IETS BELANGRIK

Benadruk die volgende vir die kinders:

- Die Heilige Gees se koms na die wêreld word met Pinkster herdenk.
- Die Heilige Gees word ons Voorspraak genoem.
- 'n Ander woord vir Voorspraak is Trooster.
- Die Heilige Gees, ons Trooster, bemoedig en verseker ons dat dinge weer beter sal gaan.
- Wanneer die Heilige Gees in ons woon, sal ons goeie dade doen, mooi gedrag uitleef en aan Jesus gehoorsaam wees.
- Die vrug van die Gees is onder andere liefde, vreugde, vrede, geduld, goedhartigheid en nederigheid.

## IETS OM TE DOEN

- Verdeel die kinders in twee of meer groepe van minstens een uit elke graad. Laat hulle die volgende vrae doen en hulle antwoorde daarna in die klas bespreek. Gee die regte antwoorde indien nodig.

- Verduidelik wat die woordjie *pinkster* vir jou beteken. *Pinkster beteken dat die Heilige Gees uitgestort is sodat die boodskap van Jesus aan alle nasies vertel kan word deur die Heilige Gees wat ons lei. Deur die werking van die Heilige Gees kan mense tot bekering kom.*
- Hoe weet 'n mens wanneer die Heilige Gees in iemand woon? *Wanneer die persoon goeie dade doen, mooi gedrag uitleef en aan Jesus gehoorsaam is.*
- Noem nou 'n paar voorbeelde van *die vrug van die Gees*. *Liefde, vreugde, vrede, geduld, goedhartigheid en nederigheid.*
- Elke kind ontvang 'n wit A4-papier en 'n gekleurde, reghoekige stuk karton. Hulle moet die volgende doen:
  - Die wit papier in die helfte vou.
  - Tussen die volgende twee opsies kies en slegs een helfte van die skets aan die vou se kant, die toe kant, teken.
    - 'n Sigbare gestalte van die Heilige Gees wat met Jesus se doop vanuit die hemel op Hom neergedaal het. (Lukas 3: 22 – duif)  
of
    - 'n Sigbare vorm van die Heilige Gees wat met die pinksterfees vanuit die hemel op gelowiges neergedaal het. (Handelinge 2: 3 – vuurtonge)
  - Die getekende helfte uitsny, dit oopvou en die figuur plak op die stuk gekleurde karton wat hulle ontvang het. Kleur dit in. Dit is nou 'n boekmerk.
  - 'n Naam vir die Heilige Gees op hulle boekmerk skryf.
  - Twee voorbeelde van die vrug van die Gees, wat hulle dink by hulle pas, daarop skryf.
  - Dit oortrek met kontakplastiek of gewone plastiek.
  - Laat kinders in graad 4 hulle boekmerkies met kinders in graad 5 uitruil.
  - Laat kinders in graad 6 hulle boekmerkies met kinders in graad 7 uitruil.
- Laat graad 4 en graad 5 'n kruisie in die blokkies trek wat voorbeelde van die *vrug van die Gees* voorstel.

Haat	Selfbeheersing	Vriendelikheid
Liefde	Bly	Kwaad

- Laat die kinders in graad 6 en graad 7 die volgende vraag oor die vrug van die Gees beantwoord. Verbind die eienskappe van die *vrug van die Gees* in kolom 1 met die hedendaagse optrede wat die beste daarby pas in kolom 2 deur die korrekte kolletjies met mekaar te verbind.

Kolom 1

Kolom 2

<ul style="list-style-type: none"><li>• Geduld</li><li>• Nederigheid</li><li>• Goedhartigheid</li><li>• Vrede</li><li>• Vriendelikheid</li><li>• Getrouheid</li><li>• Selfbeheersing</li><li>• Vreugde</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Kobus het sy maat om verskoning gevra toe hy hom per ongeluk raakgeskop het.</li><li>• Maryke deel haar toebroodjies met 'n maat wat nie kos het nie.</li><li>• Die man in die parkie is werkloos. Hy is kalm daaroor omdat hy glo dat Jesus hom sal help om weer 'n werk te kry.</li><li>• Pieter sukkel baie met sy wiskunde. Die juffrou word nie kwaad wanneer sy weer en weer aan hom moet verduidelik nie.</li><li>• Sannie praat mooi met die vreemde, nuwe dogtertjie in die klas.</li><li>• Juig en wees bly.</li><li>• Linda is opreg en geloofwaardig. 'n Mens kan altyd op haar staatmaak en glo dat sy die waarheid praat.</li><li>• Tommie is kwaad en wil lelik praat, maar kry dit tog reg om wag voor sy mond te plaas.</li></ul>
--	--

### AFSLUITING

Sluit af met gebed en vra dat die Heilige Gees die regte vrugte in ons sal laat groei: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid, goedhartigheid en selfbeheersing.